Hoofstuk1: 16-17

16 Want ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is ’n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.

17 Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.

Skaamtelose Geloof.

Om te sê dat iemand skaamteloos of onbeskaamd is, is gewoonlik nie ’n kompliment nie. Mense hou nie van voorbarige en opdringerige mense nie – die Bybel leer ons tog om nederig en beskeie wees (Kolossense 3:12). Wanneer Paulus egter hier sê: *Want ek skaam my nie ...* dan gloei daar ’n gevoel van opwinding en vasberadenheid in ons harte. Hier is iets waaroor ons breëbors kan loop – die evangelie van Jesus Christus!

Dit bring ons by die vraag waarom dit vir Paulus nodig was om hierdie woorde te skryf. Daar is en was nog altyd mense wat skaam was om te erken dat hulle in Jesus glo. Baie mense kruip agter ’n valse skaamte en valse nederigheid weg om hulle ontrou te regverdig. Daar is baie mense wat sê dat hulle maar van nature skaam en teruggetrokke is en nie maklik oor geestelike sake kan praat nie; daarom swyg hulle wanneer hulle moes praat en getuig.

Dit is waar dat ons vandag nog, nes die Christene in Rome, in ’n wêreld leef wat onvriendelik en selfs vyandig teenoor die evangelie van Christus is. Jesus self het dit al ervaar. Sy eie mense het Hom ’n vraat en wyndrinker genoem en Hom so totaal verwerp dat hulle Hom oorgegee het om gekruisig te word. Paulus het ook meer as genoeg rede gehad om stil te bly uit vrees en skaamte. Hy het vernedering, beledigings, spot en selfs liggaamlike pyn ervaar oor sy liefde vir die Evangelie. Lees maar net in 1Korintiërs 4:6-13 en in 2Korintiërs 11: 23-33 watter beledigings en smaad Paulus alles moes deurmaak net omdat hy in Jesus geglo het!

Nou skryf hy aan ’n klein groepie gelowiges in die wêreldstad Rome. Rome was n stad vol sonde en wellus. Dit was ’n stad wat geen morele waardes geken het nie. Godsdiens was ’n grap, want hulle het die spot gedryf met hulle eie gode se manewales. Dit was ook die stad van die hooggeleerde wysgere en digters – ’n stad wat nie swakheid en nederigheid verdra het nie. Ook daar is Paulus se boodskap: Ek skaam my nie vir die evangelie nie!

Wat was Paulus se geheim? Was hy maar net iemand met ’n buitengewoon sterk persoonlikheid en wilskrag? Nee, Paulus se geheim het gelê in die:

Plofkrag van die Evangelie.

Die krag van die Evangelie is iets wat Paulus goed geken het. Dit is iets wat hy self ervaar het. Paulus was ’n besliste en koersvaste man. Hy het geweet wat hy wil doen en waarom hy dit wil doen en daarom was hy met groot vasberadenheid op pad na Damaskus om te doen wat hy moes doen : om die Christene te vervolg! Maar dit was juis op hierdie pad dat die plofkrag van die Evangelie hom getref het en van sy vooropgestelde koers weggeruk en op sy knieë gedwing het. Nou was hy nie meer ’n man met haat en moordlus in sy hart nie, maar ’n afhanklike blinde wat aan die hand gelei moes word totdat hy weer opgerig kon word as ’n uitverkore werker die Here.

Die Evangelie van Jesus Christus het ’n ongekende krag in Paulus se lewe losgelaat. Die Griekse woord wat vir krag gebruik word, is dieselfde woord waarvan dinamiet afgelei is. Die plofkrag van dinamiet kan groot rotsblokke losruk en in die lug slinger asof dit niks en nietig is. Die Evangelie het aan Paulus ’n groter krag as dinamiet gelewer, ’n krag wat die lewens van mense kon verander. Ja, die Romeinse generaals het ook krag gehad wat mense se lewens kon verander, maar hulle het mense se lewens in uiterste ellende en smart gedompel. Die krag van die Evangelie is veel groter as die mag van despote en diktators. Dit is ’n innerlike krag wat nie geblus kan word nie. Dit is ’n krag tot redding!

Waar die mag en krag van Rome mense in slawerny gedompel het, het die krag van die Evangelie mense opgerig en bevry. Redding is in die mond van die gelowige so ’n alledaagse woord dat ons nie altyd genoeg aandag daaraan gee nie, maar dit is ’n woord met diepe en belangrike betekenis. Die woord redding het twee uitstaande kenmerke. Eerstens is dit om iemand te red uit ’n gevaarlik situasie soos om ’n kind voor die aankomende verkeer weg te ruk. Die gevaar is vir die oomblik verby, maar indien die kind toegelaat word om weer alleen oor die straat te loop, kan die gevaarlike situasie weer ontstaan en daarom is dit beter om die kindjie veilig aan die hand oor die straat te begelei. Redding beteken wegpluk uit die gevaar en daarna veilig bewaar en beskerm teen die gevaar.

Die krag van die evangelie ruk die gelowige uit die gevaar van sonde en dood en beskerm hom dan vir ewig teen die mag van sonde en dood. Inderdaad ’n Groot Krag! Die vonk wat hierdie krag laat ontbrand is geloof.

Geloof sonder kennis is nie moontlik nie. Job sê: Maar ek,ek weet: My Verlosser leef; ... (Job 19:25). Job se kennis van sy Verlosser gee hom moed en vertroue vir die toekoms. Dit plaas ’n verwagting in sy hart van mooi en gunstige dinge wat vir hom wag. ’n Mens wat sy Verlosser ken, kan met hoop en vertroue die toekoms binnegaan, al is daar pyn en teleurstelling in sy huidige lewe. Die verwagting en wete van ’n mooi uitkoms is onwrikbaar vas en seker. Die krag van God sal dit verseker.

Niemand hoef te skrik vir die frase *... eerste vir die Jood en ook vir die Griek* nie. Paulus beskryf maar net hoedat die Heilsgeskiedenis begin het by die Jode as uitverkore volk en geëindig het as die Evangelie vir almal, onafhanklik van sy afkoms.

Die term *die geregtigheid van God* wil ’n mens dadelik na dik en geleerde kommentare laat gryp, maar dit is nie nodig nie. Paulus wil nooit geloofswaarhede onnodig ingewikkeld maak vir sy lesers nie.

Die woorde *die regverdige sal uit die geloof lewe* is ’n verwysing na Habakuk 2:4. Habakuk het ’n probleem gehad. Hy kon nie verstaan waarom die Here die volk toelaat om so in sonde en ongeloof te lewe sonder om hulle te straf nie. Die Here sê aan Habakuk dat die straf sal kom en dat Hy, die Here, die Chaldeërs sal stuur om die volk te straf. Dit verwar vir Habakuk net nog meer. Hoe kan ’n volk wat nog méér sondig is, ’n volk straf wat meer regverdig as hulle is (vers 13)? Die Here verseker egter vir Habakuk dat die Chaldeërs ook gestraf sal word soos alle sondaars gestraf sal word. Die wêreld was vasgevang in die vreeslike kringloop van sonde en straf. Die enigste uitweg is om al jou hoop op die geloof in die Here te vestig.

Hierdie kringloop van sonde en straf wat daarop volg, is deur Jesus aan die kruis op Golgota verbreek. Die kruis het tussen sonde en straf ingeskuif en so aan die eise van die geregtigheid van God voldoen.

Geregtigheid beteken om iemand billik te behandel. Wanneer daar oortreding is, volg daar teregwysing en straf, terwyl goeddoen beloon word. Christus het as mens die straf gedra en ons kan nou die beloning ontvang. Deur Christus het ons nou aan die geregtigheid van God voldoen. God is nou tevrede met ons.

Dit lyk asof Paulus dit nie genoeg kan beklemtoon dat die toegang tot die geregtigheid van God alleen deur die geloof is nie. Die gawe van geloof is bepaald die grootste gawe wat die mens kan ontvang. Dit ontbrand die krag van die Evangelie in ’n eenvoudige menselewe!